# HOOFSTUK IX.

## DIE TUG[1)]

(a) Die Tug as vormingsmiddel.

Deur die tug, as 'n middel om die kind op die vormingsweg te hou, of daarop terug te bring indien hy daarvan afgewyk het, wil ons die kind leer om die goeie te doen en die slegte en die kwade na te laat. Kennis en vaardigheid baat absoluut niks as die kind nie ook geleer het, en gewillig is, om sy kennis en vaardigheid ten goede aan te wend nie. Tugmetodes is dus net so belangrik as werkmetodes, want dit moet die kind in sy doen en late aan 'n goeie leefwyse gewoond maak. Die aard van die goeie leefwyse word bepaal deur die doel van die opvoeding soos dit in ons lewens- en wêreldbeskouing vasgelê is. Op hierdie weg van verstandsvorming deur die onderwysmetode, en wilsvorming deur die tugmetode, moet orde in belang van selfwerksaamheid, belangstelling en gehoorsaamheid gedy, stilte deur selfwerksaamheid en belangstelling gehandhaaf word, en tug sy innerlike lewe vorm. Die ware tug spruit dus voort uit ons diepste wese waar neiginge, drifte en begeertes aan die goeie lewenswyse ondergeskik gestel moet word. Die vooruitgang van die mens op grond van sy ontwikkeling kan dan bereken word volgens die vorderingsafstand wat hy afgelê het van sy primêre instinkte af, d.w.s. die afstand wat liefde van luste, en patriotisme van roofsug, skei.

Waar die voorwaarde vir ons liggaamlike en verstandelike ontwikkeling dan 'n toestand van ordelike organisasie van ons omgewing verg, daar is tug 'n belangrike vereiste vir ons sedelike en godsdienstige ontwikkeling.

---

1) Vgl. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, prof. J.C.Coetzee bls. 348-357.

In die proses van tughandhawing en tugontwikkeling moet ons ook let op die uitwendige en inwendige aard daarvan. Die onderwyser is bv. 'n simbool van uitwendige tughandeling teenoor die kind, en die selftug, wat in die kind, deur uitwendige gesag en inwendige neiging groei, is tugoriëntasie in die wese van die kind self. Hierdie ontwikkeling van 'n toestand van selftug in die kind geskied deur skoolorde en skooltug. Omdat die kind in sy skoollewe ook met ander kinders en met onderwysers kennis maak, ondergaan hy ook sosiale vorming. Op hierdie wyse word 'n geesteshouding teenoor dinge in die omgewing en die omgewing self, ontwikkel. Aangesien ware tug dan sy grondslag in die opbou en ontwikkeling van 'n gewilde geesteshouding vind, hoort militaristiese tug nie in 'n skool tuis nie omdat dit gevoelloos teenoor die wese en aanvoeling van die kind staan. En net soos wat goeie tug 'n gladde verloop van sake veronderstel, so dra doeltreffende werk veel by om slegte tug uit te skakel.

(b) Tugvraagstukke.

Die moeilike tugvraagstukke oor gesag en vryheid vorm verder 'n belangrike onderdeel van die tugvraagstuk. Die kwessie van die bron van absolute gesag en vryheid is hier op die spel. Die vraag of die mens oor absolute gesag en absolute vryheid beskik, kan alleen op grond van die gehandhaafde lewens- en wêreldbeskouing beantwoord word. Indien die lewens- en wêreldbeskouing gegrond is op die bestaan van 'n Almagtige en Skeppende Opperwese, beskik die mens alleen oor verleende gesag en vryheid. In die geval is die mens dan self onderdaan en sy mag oor die natuur en die kultuur is slegs God-verleende gesag, want Hy alleen beskik oor die absolute. Natuurlik is daar verskillende grade in die rang van verleende gesag - die ouer oor die kind, die leraar oor die

skoolkind, die koning of regering oor die maatskappy of volk. Hierdie verleende gesag is egter nie sonder verantwoordelikheid nie. Die absolute reg wat alleen by die Opperwese berus, word aan die mens oorgedra in die vorm van verleende reg wat die mens verantwoordelik hou vir die uitvoering en toepassing daarvan. En dis ook waar van vryheid. Die mens is alleen vry sover as wat hy die terme en betekenis van die verleende vryheid handhaaf en uitvoer.

(c) Handhawing van die Tug.

1. Die aard van ons tughandhawing sal dan ook verder gegrond wees op ons beskouing oor die lewe en die doel van die mens op aarde. Wraakneming pas die gelowige nie, want die reg kom alleen die Opperwese toe. Vergelding lê slegs die verband tussen die oortreding en die straf, maar dit is tog geen opsetlike opvoeding nie. Waarskuwing moet die oortreder afskrik van verkeerde dade en is bepaald die funksie van 'n skool indien dit nie oordoen word nie. Verbetering van gedrag en optrede het die oog op die ontwikkeling van selftug in die kind en dit moet dan ook gesien word as die moderne tugplig van die skool om oortreding te voorkom. Ware en moderne tug bestaan dan ook daarin dat die eise en aard van die gesag oortreding sal voorkom.

2. Deur die tug moet die kind verder op die regte pad gehou, en daarop teruggebring word, as hy daarvan afgewyk het. Deur die tug, as 'n instrument van die opvoedingsdoel, moet die kind dus op die opvoedingsweg gehou word. Derhalwe berus die tug dan ook in die hande van verskillende partye, soos die ouers, die leraars, die Staat en sy amptenare.

3. Daar is veral twee beginsels wat toegepas kan word by die indeling van skooloortredings: (a) Indiwiduele oortreders is hulle wat lastig, opstandig en gemeen is, terwyl

klassikale oortredings, voortvloei uit wantoestande, opsetlikheid en brutaliteit. (b) Wanordelikheid spruit gewoonlik voort uit onderliggende oorsake wat toe te skryf is aan fisiologiese, persoonlike, sosiale en skoolse toestande.

4. Die tugmiddele tot ons beskikking ontleed sig in direkte en indirekte vorme. Deur eersgenoemde moet die oortreder op die goeie weg teruggebring word, terwyl die tweede die kind deur voorkoming op die ideale pad wil hou. By die toediening van enige tugmiddel op skool moet die leraar die algemene beginsels van objektiwiteit en regverdigheid, volgens die grondslae van die tugeise, streng handhaaf.

(d) Adamson en Tug.

Adamson se opvoedingsdoel is aanpassing en aanpassing beteken vir hom nie slegs 'n lewe wat geleef moet word nie, maar hy verlang dat die lewe op 'n sekere manier - 'n lewe van aanpassing - geleef moet word. Sy mens moet, deur die opvoeding so gevorm en ontwikkel word dat hy in elke opsig deeglik aangepas sal wees aan sy drie werklikheids-ordes, nl. die stoflik verskynende, objektiewe natuur, wat in ruimte en tyd geponeer is; die beskawing of kultuur, deurskynend en vlietend; en die sedelike, selfstandige, maar 'n orde van waardes. Die tug, as 'n middel om die opvoedingsdoel te verwesenlik, moet die opvoedeling dan op hierdie aanpassingsweg hou. Op hierdie weg moet daar nie slegs op die verkryging van kennis aangedring word nie, omdat dit die opvoeding en die lewe van mekaar skei. Lewe en opvoeding vorm vir hom tereg 'n eenheid wat ons nie van mekaar mag skei nie. "The ultimate question is not how much knowledge can be compassed in school or in life, or which sort is ultimately of most value, but how the individual can be adjusted to the truth, beauty and morality of the worlds he can claim member-

ship of, so as to make them and himself the better for the process"[2)]

Die nadruk wat dus op die omvang en die hoeveelheid van ons kennis gelê moet word, sal van so 'n aard wees dat ons daardeur tot beter aanpassing instaat gestel kan word. Op sigself is kennis nie vir hom 'n doel nie, maar slegs 'n middel om aanpassing te lei en te rig.

Aan die anderkant is 'n te sterke klem op dissipline ook ongewens. 'n Voorbeeldige gedrag, mooi maniere, hoflikheid, en eerbied teenoor die wat oor ons gestel is, is nodige en nuttige kenmerke van 'n opgevoede mens, dog as ons opvoeding ons slegs dissiplineer terwille van dissipline, word die opvoedingsdoel gemis, omdat tug alleen sin het as dit in verband met die lewe self gesien word. "The ideal of discipline, of gymnastic, torn blindly and ruthlessly, from the conception of life's practical purposes, left the schools for centuries isolated, detached and secluded from the busy haunts of men" [3)]

Kennis en tug staan dus vir Adamson in diens van aanpassing en waar die lewe dan vir hom aanpassing is, verlang hy slegs dié soort kennis en tug wat sy mens vir daardie lewe sal vorm.

1. <u>Tug in die Natuurryk</u>.

"It is ours, as far as we know it" [4)] Adamson begin sy opvoeding by die praktiese en die bekende. In die natuur is daar orde, metode en sisteem. Die kind het reeds 'n begrip, hoewel vaag en onduidelik, van hoe dinge in die natuur verloop. Op hierdie grondslag wil hy nou voortbou en daarom neem hy die kind na buite om met die konkrete en

---

2) The Individual and the Environment, J.E.Adamson, bls. 9.
3) Ibid., bls.10.
4) Ibid., bls.10.

praktiese dinge en verskynsels self te werk. Die afgesonderde klaskamer moet dikwels vir die klaskamer van die natuur plek maak, omdat die kind daar tuis voel. "..... it will be the primary task of education to direct the individual's efforts to explore his physical environment, to make himself at home in it."[5]

In hierdie opsig het Adamson 'n gesonde uitgangspunt vir sy tughandhawing gekies. Waar die kind met die praktiese gegewens kan werk is daar onwillekeurige belangstelling, gehoorsaamheid en self-werksaamheid. Die normale kind stel van nature belang in die dinge rondom hom, hy is van nature geneig tot aktiwiteit en hy vind dit aangenaam om dinge self te ondersoek. Die instink van weetgierigheid is besonder sterk in die jong kind en vir die ontwikkeling daarvan kon Adamson geen beter aanvangsonderwysvak as juis natuurkennis gekies het nie. Die kind word egter nie aan homself oorgelaat nie. Elke kind moet nuttig besig wees met sy ondersoekingswerk, want Adamson se raad aan die opvoeder is duidelik; "Only we must be on the alert to see that adjustment to each is individual."[6] Die onderwyser moet dus die toestand waaronder sy leerlinge werk so inrig dat dit van deeglike uitwendige orde getuig. Hierdie orde lê egter vir Adamson nie in die strengheid van reëls, wette en gesag nie, maar wel in die goeie verhouding wat daar tussen leraar en leerling bestaan, want beide moet die objek van studie uit dieselfde hoek benader. Die onderwyser moet gedurig op sy hoede wees dat die kinders nie aan hom aanpas nie, maar wel aan die feit of waarheid wat aangebied word.

In die ondersoek van die natuur moet die kind dan vertroud raak met die soort kennis wat hom in sy aanpassing aan

---

5) Ibid., bls. 11.
6) Ibid., bls. 43.

die natuur, sal help. Die feite en gegewens wat los van die natuur en los van die lewe staan, is dus nie ter sake vir aanpassing nie. Sy kennis moet die natuur vir hom laat lewe as 'n werklikheid, as 'n plek waar mense en diere leef en dinge bestaan, en die feitekennis wat vir hom van belang is, ontstaan uit die verband wat dit met die lewe handhaaf. Waar Adamson die kind dan aan die natuur wil laat aanpas deur middel van natuurkennis, aardrykskunde en die natuurwetenskappe, keur hy sy leerstof op grond van die betekenis wat dit vir die lewe het. 'n Natuurverskynsel, 'n aardrykskundige feit of 'n natuur-wetenskaplike wet staan dus nooit alleen en sonder 'n verband met die lewe nie. Die mens moet weet hoe hy hom as 'n natuurwese moet gedra en sy kennis omtrent die natuur moet hom op sy aanpassingsweg hou.

2. Tug in die ryk van die beskawing.

Die wêreld van die beskawing "....is a continuum of instincts, emotions, ideas and ideals"[7]. Aanpassing aan hierdie orde sal dus aan die metode van tughandhawing 'n dieper eis stel as die natuurwêreld. Waar die tug in verband met die ryk van die natuur hoofsaaklik vir die vorming van 'n goeie uitwendige toestand verantwoordelik is, daar gaan die ryk van die beskawing veel dieper, want hier moet die mens se instinkte, emosies, idees en ideale gevorm word. Hierdie vorming en ontwikkeling van die mens stel Adamson duidelik: "The ego's progress, like the pilgrim's, is through the evolutionary mist into the clear air of values. If he lingers too long or loses his way in the mist his movement is likely to be backward. We must see that he keeps moving forward and upward, even if we have to resort to vigorous measures..... We must get him out of the fog. The instinct governed man

---

7) Ibid., bls. 12.

cuts a poor figure even alongside his animal progenitors"[8]

In die ryk van die beskawing moet Adamson se mens dus 'n dieper tugvorming ondergaan, omdat sy innerlike gedrag en geestelike gesteldheid ontwikkel moet word. Die ware tug, ontstaan uit die diepste gronde van ons wese. Dit help om ons neiginge, drifte, begeertes en wil ondergeskik te maak aan 'n sekere reëlmaat wat absoluut noodsaaklik is vir die sukses van 'n aangepaste lewe, omdat dit alle verkwisting en ondoelmatigheid in ons lewe voorkom - "everyone will have to learn...... to discover the tissue of human relations within which his individuality develops ....."[9] Ware aanpassing aan die ryk van die beskawing verg dus 'n sekere gedragslyn en soos orde die voorwaarde is vir ons liggaamlike en verstandelike ontwikkeling, so is tug - die vorming van ons innerlike gedrag en geestelike gesteldheid - die voorwaarde vir ons sosiale, sedelike en godsdienstige ontwikkeling. Waar Adamson glo dat die bydrae van die mens, in die proses van aanpassing aan die sosiale orde verantwoordelik is vir 'n wêreld wat steeds beter word, speel tug 'n baie vername rol, want hierdie wêreld ".....originates in the interplay of instincts, emotions and sentiments and in the actions and conduct of men which are the outcome and expression of these impulsive forces".[10] D.w.s., die gedrag van die mens is dan eintlik verantwoordelik vir die soort wêreld wat ons sal kry. "It is man-made!"[11] Derhalwe is die ontwikkeling van inwendige en uitwendige tug in die mens van die uiterste belang vir Adamson, omdat die aard van sy wêreld daardeur op die spel is. In die aanpassingsproses aan hierdie ryk moet die opvoeder daarvoor sorg dat die kind ook na selftug gelei word. Om hierdie ontwikkeling te laat plaasvind wend Adamson hom tot

---

8) Externals and Essentials, J.E.Adamson, bls. 89.
9) The Individual and the Environment, J.E.Adamson, bls.153.
10) Ibid., bls. 154.
11) Ibid., bls. 154.

'n ondersoek van die drade of vesels van die gemeenskap. Agtereenvolgens bereken hy dan die waarde van die politieke, nasionale, godsdienstige en ekonomiese invloede in 'n samelewing. Daarin beklemtoon hy die uitnemendheid van die demokratiese gesagsvorm omdat dit, volgens hom, die regte en vryhede van die mens waarborg. Die politieke raamwerk of gesag moet aan die gemeenskap sowel politieke vryheid as ekonomiese inisiatief waarborg. Deur die opvoeding moet die indiwidu dus eers aan 'n intelligente aanpassing, en daarna aan entoesiastiese deelname aan hierdie vorm van die sosiale lewe, gewoond word. In die demokratiese staatsvorm word die siel, gees of lewe daarvan deur die opvatting van nasionaliteit verskaf. Die voorwaarde vir die ontwikkeling van nasionaliteit as 'n sedelike krag is 'n toestand van onafhanklike selfregering. In die opsig is dit soos die indiwidu. "It comes to a consciousness of itself while yet in leading-strings but it does not begin to realise its full self until self-government is added to self-knowledge".[12] Die ontwikkeling van hierdie gevoel van nasionale saamhorigheid in 'n volk, vind sy groeikrag nie in kunsmatige gesag van buite nie, maar wel deur 'n toestand van innerlike vryheid of selfbeskikkingsreg. Die saak van vryheid is, soos gesag, ook innig met die tugvraagstuk verbind, en dié staat wat gebaseer is op sulke beginsels waarin die indiwidu sy hoogste ambisies kan uitleef, het moontlik die mees permanente voortbestaan. Verder eis hy ook onbelemmerde ekonomiese ontwikkeling en godsdienstige vryheid vir sy mens, want vir hom is dit "indeed, a platitude that social stability will only ultimately be secured through enlightenment, and this is true, whether we regard society as a political, an ecomomic, or a spiritual structure; or as all three which it assuredly is".[13]

---

12) Ibid., bls. 175.
13) Ibid., bls. 192.

In die ryk van die kultuur moet die mens dan geleer word hoe hy hom moet gedra, watter vorms van tug hy moet respekteer en eerbiedig en hoe hy vanself tot selftug moet kom. Waar Adamson sy skool as 'n deel van die gemeenskap sien, sy leerlinge tot sosiale deelname aanraai en die gemeenskap vir en deur hulle laat ondersoek en analiseer, beweeg hy op 'n grondslag wat die werklikheid binne die bereik van die kind plaas. Daar is 'n rede vir die eise wat aan die kind gestel word en hierdie rede word ook deur die kind verstaan omdat hy self in voeling daarmee is. Opvoedkundig is sy stelsel dus gesond. Die kind se vorming en ontwikkeling staan in die praktiese lewe self ook in hierdie orde. As die sake in die gemeenskap glad verloop, is dit aan die kwaliteit van sy lede te danke en sonder die tug is die kind nie vir die sosiale lewe voorberei nie.

3. <u>Tug in die ryk van die sedelike</u>.

In die sedelike vorming van die mens sien Adamson die verwesenliking van sy hoogste opvoedingsdoel. Dog. "...., the weaving of the thoughts, purposes, and acts of life.... can only be the product of a process of continuous creation by each individual for himself".[14] Indien die mens dus nie 'n sedelike vorming, vrywillig en in eie belang verlang nie, is hy daarsonder. Sy sedelike bestaan is die produk van sy eie skepping. "It is made real for him just by the nod, fiat, affirmation, or volition of the individual self".[15]

Sonder sedelike vorming en ontwikkeling geniet die mens egter nie die volle gawe wat Adamson aan hom deur die opvoeding wil gee nie. Dog, aan die anderkant sê Adamson tereg dat dwang van buite deur gesag of afskrikking, nie van die mens

---

14) Ibid., bls. 301.
15) Ibid., bls. 301.

'n sedelike wese sal maak nie. Ook is dit waar dat aanpassing aan die natuur en die kultuur nie noodwendig sedelike aanpassing beteken nie. Wat sal daar dus in die mens moet plaasvind om hom tot 'n voortbestaan aan te vuur? "It is not something external and detached; it is something which man has within him, by virtue of his nature, his manhood - a form of self realisation".[16] Hieruit is dit duidelik dat die opvoeding die wil van die mens moet vorm, want "he must create and sustain it by continual acts of creation, i.e. by behaviour issuing from volition illumined by moral purpose".[17] Indien die mens dus onwillig is om 'n sedelike bestaan te voer is hy dan deur 'n eie besluit ook vry om dit nie te doen nie. As gevolg van hierdie reg wat Adamson aan hom toeken, is dit dan duidelik dat indien aanpassing aan hierdie ryk moet plaasvind, die mens deur tug op hierdie weg gehou moet word.

In die aanpassing aan die sedelike het Adamson dus die kernpunt van die tug raakgeloop. Vanaf die vroegste jare moet die kind deur die tug so gevorm en ontwikkel word dat hy deur eie keuse 'n sedelike bestaan vrywillig sal nastreef. Die aard van die tug sal dus ook so moet wees dat dit nie afskrik nie, maar vorm en aantrek, sodat die leerling 'n liefde kan ontwikkel om hom aan die tug te onderwerp. Sedelike vorming kan nie deur dwangmiddels verkry word nie en die enigste vorm van tug wat dus slaag, is dié van simpatie, liefde, voorbeeld en ideaal. Die stilte en orde wat nodig is, sal hy moet verkry deur belangstelling te wek, en selfwerksaamheid aan te kweek waaruit gehoorsaamheid gebore sal word. Verder sal die goeie, uitwendige tugtoestande gedurig

---

16) Ibid., bls. 307.
17) Ibid., bls. 309.

aangevul moet word deur inwendige tugvorming, sodat die kind in liefde tot selftug sal ontwikkel, want daarsonder is hy nie voorberei vir die samelewing en Christelike lewe nie. In die aanpassing aan die hele werklikheid, vir Adamson die goddelike, is volkome selftug, gegrond op lewenswaardes, noodsaaklik. "Least of all is there any room for a hierarchy of values when we reflect that adjustment is to the whole of reality which is God."[18)]

Die weg waarop die kind dus deur die tug gehou moet word, is die weg van selfkennis en selfvinding op grond van sy kennis, ervaring, etiese smaak en wilsneigings. Die drie hoofvorms van die sedelike teorie - wet, geluk en goedheid - sal dan die aspekte wees wat sedelike vorming rig. Die skool moet deur sy werksaamhede die noodsaaklikheid van waardes uitstraal. In hierdie proses sal gepaste direkte en indirekte voorligting net so vormend wees as die skool en die kulturele vakke in die leerplan.

(e) Kritiese Beskouing.

Opvoeding is vir Adamson 'n lewenslange proses. Formele opvoeding is egter hoofsaaklik tot die skooljare en die universiteit beperk. Gedurende hierdie jare moet die grondslag van tugvorming dus só heg gelê word dat dit dwarsdeur die lewe 'n geldende invloed sal uitoefen. Die gedagte van Adamson dat kennis, sowel in diepte as in omvang, in verband met die natuur en die lewe self aan die kind in aanpassing, verskaf moet word, is gesond. Kennis is mag, veral as dit die doel van die lewe verklaar. Maar kennis alleen is nog nie voldoende om die mens te vorm nie en derhalwe moet hy self eers nog tugvorming ondergaan en waar Adamson hom aan

18) Ibid., bls. 371.

sosiale aanpassing onderwerp, wil hy sy neiginge, drifte, begeertes en wil tem. "We can indeed, measure the ego's progress by the distance he has travelled beyond the primary instincts; by the distance, for example, which separates love from lust and patriotism from piracy". [19)]

In die ryk van die sedelike redeneer Adamson opvoedkundig. Dwang moet hier vir leiding en voorbeeld plek maak, sodat die opvoeder deur liefde kan regeer.

Dit skakel wraakneming en vergelding vir oortreding uit en gun 'n regmatige plek aan 'n vorm van tug wat verbetering en voorkoming in die hand werk.

---

19) Externals and Essentials, J.E.Adamson, bls. 89.